LAER VOLKSKOOL
HEIDELBERG

17 April 2026

Beste Volkie Ouers

## ONDERSTEUNERSDRAG

Die Beheerliggaam het die tender vir die verskaffing van ons skool se ondersteunersdrag aan **Insperhasie** toegeken. Insperasie is dus verantwoordelik vir die bemarking van die ondersteunersdrag in samewerking met die skool.

## KOMMUNIKASIE

Ons sperdatum vir die skool se algehele kommunikasie wat verander na **Rulewise,** is **Vrydag, 24 April 2026**. Maak groot asseblief seker u is op die toep om alle inligting te ontvang. Ons sal weer die video plaas hoe om op die toep in te skakel. Indien u enige uitdagings het, kontak asseblief vir **mnr. Stiaan van der Hyde (076 411 4985).**

## SEKURITEIT

Sekuriteit rondom die skool is vir ons ontsettend belangrik. Dit is baie duidelik dat ons skool geteiken word met die diefstal van voertuie. Ons het begin om saam met Fidelity die **strate af te sper tydens byeenkomste** sodat voertuie wat deur Begeman-, Van der Westhuizen-, asook Pretoriusstraat beweeg, gemonitor word. Wees asseblief geduldig as die mense vir u vra om u sleutels te toon en seker te maak vensters is nie stukkend nie. Dit is om u eiendom te beskerm.

## FINANSIES

Ons inkomste toon 'n afname van amper 8% ooreenstemmend verlede jaar. Ons besef terdeë dat die ekonomie regtig in 'n baie moeilike fase is, maar ons doen werklik 'n beroep op elke ouer om hul **skoolfonds op datum** te hou. Ons kan net vir ons leerders die geleenthede bied as ons ouers hul skoolfonds getrou betaal. Indien u enige uitdagings het, kontak asseblief vir mev. Chrisna Meyer, ons finansiële beampte.

## OUERAAND

Ons oueraand is Maandagaand, 20 April 2026. **Dit geskied slegs op afspraak**. Indien u graag met 'n personeellid wil kontak maak, reël asseblief vooraf vir 'n geskikte tydgleuf.

## SKOOLDRAG

Ons begin amptelik met die dra van ons winterskooldrag op Maandag, 4 Mei 2026. Ons doen 'n dringende beroep op ouers om toe te sien dat leerders die korrekte klere aantrek, volgens die **voorskrifte** soos uiteengesit in die huiswerkboekie (inligtingsboekie). Leerders moet óf volledige sweetpakke óf formele wintersdrag dra.

Volkie Vere het voorraad van al die groottes wintersklere ingekry. Gaan kyk gerus op die webblad na hul pryslys. U is welkom om u bestelling deur te stuur na 0760519176.

**Merk asb. elke stukkie van u kind se skooldrag duidelik,** sodat dit moontlik is om die eienaar op te spoor.

Die dra van netjiese en korrekte skooldrag dra by tot 'n gevoel van **trots, dissipline en samehorigheid** onder ons leerders.

## PROGRAM VAN DIE WEEK

| DATUM | AKTIWITEIT | WAAR |
|---|---|---|
| 17 April | Kultuuraand | Lezar |
| 18 | Kultuuraand | Lezar |
| | Fietsry liga | |
| | Rugby (Weg) | TP Stratten |
| 21 | Netbal (Weg) | DF Malherbe |
| | Rugby (Weg) | Midvaal |
| 22 | Rugby: Finale proewe | |
| 24 | Rugby: Valke proewe | |

P. STRYDOM
HOOF